# HOOFSTUK 4

# DIE TAAK VAN DIE OUER EN SKOOL MET BETREKKING TOT DIE DOGTER SE GESLAGSOPVOEDING

## 4.1 INLEIDING

Moderne tegnologiese ontwikkeling het tot vernuwing in baie opsigte bygedra, ook wat geslagtelike opvoeding betref. Die vraag is of die ouer geslag dit op doeltreffende wyse aan die jeug kan oordra. Vergeleke met ander lande, is die Suid-Afrikaanse gemeenskap, en in besonder die Afrikanerouers, baie konserwatief wat geslagsopvoeding van die kind betref. Baie ouers verwaarloos hulle verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsopvoeding weens 'n gebrek aan vrymoedigheid om geslagsake openlik te bespreek, onkunde of omdat hulle self 'n verkeerde gesindheid teenoor seksualiteit het (Kruger, 1980:2).

Min onderwerpe het al soveel uiteenlopende menings uitgelok as juis die probleem van geslagsopvoeding. Is dit die taak van die ouer of die skool? Sommige ouers is dit eens dat geslagsopvoeding deur die skool 'n waardevolle bydrae is, terwyl ander sterk daarteen skop. Ouerlike teenkanting is waarskynlik die grootste enkele rede waarom daar op Suid-Afrikaanse bodem min vordering gemaak word (Brummer, 1985:293).

Alhoewel geslagsopvoeding die verantwoordelikheid en voorreg van elke ouer is, lewer die skool tans 'n belangrike bydrae ten opsigte van gesinsvoorligting en geslagsopvoeding in die besonder (TOD, 1992).
Deur middel van die gesinsvoorligtingsprogram word daar deur die skool gepoog om kommunikasie tussen die ouer en kind te verbeter, dus om 'n beter ouer-kind-vennootskap daar te stel. Sodoende kan die kind homself handhaaf in die samelewing.

Die jeug van vandag is die ouers van môre. Daarom is dit noodsaaklik om hulle weerbaar te maak vir die toekoms te midde van al die verkeerde invloede in die samelewing. Pro-aktiewe optrede is dus belangrik om die kind, ouers, asook onderwysers beter toe te rus vir die toekoms. Dit is belangrik dat kinders met oop oë deur die lewe sal gaan en daarom is geslagsopvoeding so noodsaaklik (De Klerk, 1991).

## 4.2 BEGRIPSOMSKRYWING

In hierdie hoofstuk sal daar herhaaldelik na sekere begrippe verwys word. Gevolglik word hierdie begrippe kortliks omskryf.

### 4.2.1 Opvoeding

Opvoeding is 'n menslike handeling wat voltrek word tussen minstens twee persone (gewoonlik 'n volwassene en 'n kind).

Dit beteken letterlik "voeding na bo", waardeur die opvoedeling doelbewus deur die opvoeder tot volwassenheid gelei kan word ten einde eie keuses te maak. Opvoeding word gekenmerk deur 'n asimmetriese verhouding waarin daar voortdurende interaksie plaasvind (Dekker, 1980:4; Sonnekus, 1976:1).

Die opvoeder maak bemoeienis met die kind in totaliteit en moet dus al sy fasette in aanmerking neem. Die kind moet as "geheel die mens" in al sy fasette van menswees harmonieus groei en ontwikkel sonder dat een aspek van menswees agterweë bly (Schulze en Van Rooyen, 1989:9).

Ten slotte is dit belangrik om te onthou dat opvoeding altyd aan die hand van bepaalde norme geskied, dus is dit altyd normatief van aard.

Christelike opvoeding sal dus gebaseer wees op die Woord van God en 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing uitdra (Sonnekus, 1976:4).

### 4.2.2 Geslagsopvoeding

Om geslagsopvoeding te verstaan, sal daar eers na die begrippe "geslag" en "geslagtelik" gekyk word:

*** Geslag**

"Geslag" of "seks" is 'n woord wat gebruik word om tussen die manlike en vroulike spesie te onderskei. Dit verwys na verskille tussen man en vrou wat nie alleen in die liggaam waar te neem is nie, maar ook in die verskillende leefwyses; die rol wat elkeen vervul ooreenkomstig dit wat ander van hom verwag (Liebetrau, 1987:220).

Geslag dui op aangeleenthede wat met seksualiteit of voortplanting te doen het. Verder dui dit ook op die sosiale etiket wat man en vrou van mekaar onderskei (Van den Berg, 1990:18).

*** Geslagtelikheid**

"Geslagtelikheid" of "seksualiteit" dui op die bepaalde wyse waarop iemand sy geslag uitleef. Elke mens beleef sy geslag op 'n bepaalde, unieke wyse wat bepalend is vir die uitleef van sy geslag na buite. Geslagtelikheid veronderstel twee dimensies : 'n na-binne-gerigte dimensie en na-buite-gerigte dimensie (Schulze en Van Rooyen, 1989:9)

*** Geslagsopvoeding**

Geslagsopvoeding is ten nouste verweef met opvoeding in die breë sin van die woord en kan nie daarvan losgemaak word nie.

Dit hou verband met alle sake rondom die bepaalde geslag van die kind, die tipiese seun- of dogterwees. Geslagsinligting, daarenteen, verskaf inligting aan die kind rakende geslagsake sonder om opvoeding as doel te hê (Kriegler, 1991:13; Van Rooyen, 1989:204).

Geslagsopvoeding is veel meer as net seksinformasie: "Sex education in its widest sense means the fullest development of a male or a female so that he or she can foster in themselves their God-given qualities as a male or female". Dit is dus nie net anatomiese kennis wat ter sprake is nie, maar die religieuse beskouing van die mens is ook in gedrang (Kruger, 1980:3).

"Enlightened sex education today is not just the facts of reproduction and certainly not education about the act of sex. It deals with one's total sexuality - maleness or femaleness, what makes you a man or a woman, the way you think, act, dress, marry" (Bisschoff, 1977:107).

### 4.2.3 Gesinsvoorligting

Gesinsvoorligting is by uitstek 'n opvoedingsaangeleentheid waartydens die kind gelei en voorberei word om uiteindelik as volwaardige en verantwoordelike volwassene in die huwelik en gesin te kan funksioneer, maar ook om 'n sinvolle bydrae te lewer in die gemeenskap tot diens van sy naaste en tot eer van God (Van Rooyen, 1989:204).

Die begrip wys daarop dat hierdie voorligting ten doel het om gelukkige, ewewigtige en gebalanseerde huisgesinne te skep, wat die boustene van 'n gesonde volk is (TOD, 1992; Van den Berg, 1990:22).

Alhoewel gesinsvoorligting deur alle onderwysdepartemente in Suid-Afrika aangebied word, word die feit nooit uit die oog verloor dat die ouer steeds die primêre opvoedingsbron is nie.

#### 4.2.4 Die verband tussen gesinsvoorligting en geslagsopvoeding

Geslagsopvoeding vorm 'n integrale deel van gesinsvoorligting en kan nie daarvan geskei word nie. Alleen deur die onderskeie geslagte en geslagsrolle te ken, en die verantwoordelikhede, moontlikhede en beperkinge wat daarmee saamgaan te begryp, kan die kind volwaardige geslagsgenoot, ook binne die huwelik en gesin wees (Van Rooyen, 1989:204).

## 4.3 DIE OUER SE OPVOEDINGSTAAK

### 4.3.1 Die gesin as primêre opvoedingsmilieu

Die huisgesin is die primêre opvoedingsinstansie en vorm dus die grondslag van die kind se opvoeding. Dit is binne hierdie milieu dat houdings en gedrag reeds in die vroeë kinderjare gevorm word en daarna neig om konstant te bly. Van al die lewensituasies waarin die kind te staan kom, beïnvloed die gesinsituasie hom die diepste en blywendste.

Te midde van ideale gesinsomstandighede weet die kind dat sy ouers hom onvoorwaardelik liefhet en dat hy hierdie liefde nie hoef te verdien nie. Die kind ervaar sekuriteit en vertroue (Meyer, 1986:107).

Ouers dra die grootste en vernaamste deel by tot die vorming van hul kinders. Die fondament waarop die kind se latere lewe gebou word, word in die ouerhuis gelê. Ouers handhaaf 'n bepaalde lewensbeskouing en behoort dit ten alle tye voor te leef.

Hulle voorbeeld, voorligting en leiding is van die belangrikste faktore in hulle kinders se karaktervorming. Indien die opvoedingsgrondslag goed gelê is, sal die kinders gewapen wees vir die eise van die lewe (Sinodale Jeugkommissie, 1984:10).

### 4.3.2 Voorwaardes vir opvoeding

Sonder 'n ken-, vertrouens- en gesagsverhouding tussen die ouer en kind is ware opvoeding nie moontlik nie. Vervolgens 'n bespreking van hierdie verhoudinge:

*** Die kenverhouding**

Hierdie verhouding impliseer dat die ouer die kind onvoorwaardelik aanvaar vir dit wat hy is. Opvoeding is slegs moontlik indien die opvoeder en kind mekaar ken en verstaan. Die opvoeder moet dus kennis dra van die besondere aard van kindwees en die bestemming van die kind. In hierdie wedersydse kenverhouding moet die ouer die belewende, willende, denkende en wordende kind begryp en weet watter aandeel opvoeding in die wordingsgang van die kind het (Cory, 1991; Kotze, 1990:31-32; Sonnekus, 1976:4-6).

*** Die vertrouensverhouding**

Wedersydse vertroue is hier die wagwoord. Dis belangrik dat daar geleenthede geskep sal word vir ope kommunikasie, dat daar ook voortdurend bereidheid tot kommunikasie sal wees. Die kind moet vertroue in die opvoeder se steungewende leiding hê. Die opvoeder moet verder vertroue in die kind hê en glo dat hy voorgeleefde waardes en norme sal aanvaar, internaliseer en sodoende aktief meewerk aan sy eie wording.

*** Die gesagsverhouding**

Die ouer moet die kind met gesag konfronteer en die kind moet die gesag aanvaar. Liefde en regverdige dissipline bring sekuriteit mee, terwyl die ongedissiplineerde kind onveilig voel. Behoorlikheidseise betreffende waardes en norme kan slegs vanuit die simpatieke gesagsposisie van die verantwoordelike gesagsdraer aan die kind as hunkerende gesagsoeker voorgeleef en voorgehou word (Cory, 1991; Kotze, 1990:31-32; Sonnekus, 1976:4-6).

## 4.4 DIE OUERHUIS EN GESLAGSOPVOEDING

### 4.4.1 Die taak van die ouer

Die ouer is en bly verantwoordelik vir die totale opvoeding van sy kind en mag daarom nie geslagsopvoeding verwaarloos nie, want dit vorm 'n belangrike deel van opvoeding in die geheel. Gesins- en geslagsopvoeding is onteenseglik die plig van die ouer, omdat dit reeds by geboorte begin en dit bepalend is vir die mens as verhoudingswese (Liebetrau, 1987:194).

Volgens Kruger (1980:9) is geslagsopvoeding die voorreg en verantwoordelikheid van die ouer en wel om die volgende redes:

- die ouer is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van sy kind;

- geslagsopvoeding vertoon 'n besondere vertrouenskarakter met 'n emosionele basis en is normatief van aard;

- dit is die ouers se voorreg om hul lewensbeskouing in hulle kinders se opvoeding as kompas te gebruik.

Schulze en Van Rooyen (1989:8) is dit ook eens dat die ouer verantwoordelik is vir die totale opvoeding van die kind en dit impliseer die volgende:

- begeleiding van die kind;
- steungewing aan die kind;
- lewensnabyheid, dus te alle tye 'n openhartige verhouding;
- aanvaarding van die kind net soos hy is.

### 4.4.2 Die aard van geslagsopvoeding

Geslagsopvoeding vind plaas in 'n geborge atmosfeer van liefde en vertroue tussen die ouer en kind. Liefdevolle aanraking en oogkontak is van wesenlike belang (Cory, 1991; Van den Berg, 1990:12).

Geslagsake is heilig en verhewe. Alhoewel geslagsopvoeding met die nodige respek behandel moet word, moet daar nooit uit die oog verloor word dat dit natuurlike sake is nie. Seksualiteit is deel van menswees en die kind moet nie skuldgevoelens daaroor hê nie (Cory, 1991).

Geslagsopvoeding is meer as net die mededeling rondom biologiese feite. Dit is 'n lewenswyse waarin die verhouding tussen man en vrou reeds een van die belangrikste opvoedingslesse is (Scales, 1983:294).

Omdat die ouer as opvoeder 'n bepaalde lewensfilosofie huldig, gaan geslagsopvoeding altyd gepaard met sekere waardes. Dit is dus normatief van aard.

Die ouer as rolmodel moet nie slegs die rigtingwyser in hierdie verband wees nie, maar moet hierdie normes en waardes voorleef aan die kind (Kruger 1980:9; Van Rooyen, 1985:243; Weitz, 1988:49).

Die **behoeftes** van die kind moet deurgaans vooropgestel word. Die belange van die kind moet nooit verwaarloos word nie en die kind se basiese behoeftes van liefde, sekuriteit, erkenning en aanvaarding moet vervul word. Deur middel van gesonde opvoeding aanvaar die kind sy geslagsidentiteit, sy geslagsrol en geslagsfunksionering wat deel uitmaak van sy totale persoonlikheid (Cory, 1991; Van den Berg, 1990:25).

Geslagsopvoeding begin op 'n baie **vroeë ouderdom** reeds. Die kind ontdek vroeg reeds sy liggaam en daarom is geslagsopvoeding by uitstek die ouer se verantwoordelikheid. Die kind moet op natuurlike wyse opgevoed word. Die korrekte taalgebruik met betrekking tot geslagsdele, gesonde toiletgewoontes en privaatheid is maar enkele aspekte wat baie vroeg reeds vasgelê word (Schulze en Van Rooyen, 1989:7; Tomaszewski, 1989:1-3). Volgens Pienaar en De Swardt (1989:48) moet respek en privaatheid van die liggaam van kleins af ingeprent word, sodoende word die kind ook weerbaar gemaak teen seksuele molestering.

**Eerlikheid** aan die kant van die ouer is baie belangrik. Die kind moet weet dat seksualiteit 'n wonderlike gawe van God is en dus niks is om oor skaam te voel nie. Dis belangrik dat die kind nie te veel inligting op 'n sekere ouderdom sal ontvang nie; dit kan hom net verwar. Die ouer hoef slegs dít te beantwoord waarna die kind vra, maar in alle eerlikheid. Wanneer die kind groter is, kan die ouer geslagsake meer breedvoerig bespreek (Cory, 1991).

Geslagsopvoeding is **karaktervormend** van aard. Karaktervorming is 'n belangrike aspek van persoonlikheidsontwikkeling en die Christelike etiek bied 'n goeie basis vir geslagsopvoeding. Gesonde geslagsopvoeding dra by tot die vorming van 'n positiewe selfbeeld van die kind (Kruger, 1980:4; Van den Berg, 1990:37; Van der Walt, 1990:60).

Geslagsopvoeding vertoon 'n **intieme** karakter. Gesprekke rondom geslagsake sal op grond van die vertroulikheid daarvan bydra tot groter vertroue en begrip tussen die ouer en kind.

Geslagsake is **sensitief** en **persoonlik** van aard. Die suksesvolle hantering van geslagsake sal afhang van die opvoeder se houding. 'n Positiewe ingesteldheid aan die kant van die ouer is belangrik (Cory, 1991).

Sonder **doeltreffende kommunikasie** tussen ouer en kind is geslagsopvoeding nie moontlik nie. Openhartigheid en onbelemmerde kommunikasie oor geslagsaangeleenthede is van onskatbare waarde. Van den Berg (1990:47), noem die volgende paar wenke in die verband:

- Ouers behoort te alle tye openhartig te wees met hul kinders, reeds van kleins af, want dit kweek bepaalde gesindhede by die kinders aan.

- Die ouer dien as model vir die kind. Indien hulle geslagsake op gemaklike wyse hanteer, sal die kinders in hul latere lewe ook natuurlik kan optree en geslagsake gemaklik hanteer.

- Ouers behoort klem daarop te lê dat kinders te alle tye eerlik en openhartig moet kan kommunikeer oor hul geslagtelikheid. Die kind moet dus die vrymoedigheid hê om met al sy vrae en probleme na die ouer te kan kom.

- Ouers moet dit by die kind tuisbring dat seksualiteit deel is van die persoon se totale persoonlikheid. 'n Seksuele verhouding met 'n ander persoon impliseer dus dat die persoon in sy totaliteit betrek sal word.

### 4.4.3 Die doel van geslagsopvoeding

Daar word merendeels aanvaar dat geslagsopvoeding meer behels as net die verskaffing van inligting en kennis rondom die biologiese en fisiologiese element van geslagtelikheid. Die kind moet te alle tye besef dat geslagtelikheid 'n natuurlike en positiewe element van die lewe is en verder deel is van sy persoonlikheid (Bongers en De Klerk, 1980:62).

Die verskaffing van die korrekte kennis en inligting het die volgende ten doel:

- om enige angs, wanbegrippe en onkunde uit die weg te ruim. Die opvoeder moet die straatvoorligter dus voor wees met die verskaffing van die nodige inligting. Die korrekte woordeskat is belangrik sodat die kind nie 'n vulgêre idee van die seksuele verkry nie (Howard en Lewis, 1983:4; Scales, 1983:294);

- dat daar 'n gesonde belangstelling en wedersydse begrip sal ontwikkel tussen die twee geslagte wat sal lei tot gesonde interpersoonlike verhoudings;

- die vestiging van 'n gesonde houding ten opsigte van 'n bepaalde geslag sodat die kind sy toekomstige geslagsrol suksesvol kan hanteer;

- om die kind moreel weerbaar te maak teen sekseksploitasie en ander negatiewe invloede uit die samelewing (Liebetrau, 1987: 210);

- gewetensvorming, wat ooreenstem met bepaalde norme en waardes. Die kind moet dus kan onderskei tussen reg en verkeerd (Bongers en De Klerk, 1980:63; Sonnekus, 1976:91).

Kruger (1980:4) sien die uiteindelike doel van geslagsopvoeding as volg: "... die volledige ontplooiing van die volle mens ten opsigte van al sy Godgegewe moontlikhede, sodat hy as volwassene met al sy gawes sy roeping kan vervul, sy naaste tot heil kan wees en God se eer kan verkondig".

**4.4.4 Die noodsaaklikheid van geslagsopvoeding**

'n Paar dekades gelede het daar nie so 'n groot nood rondom geslagsopvoeding bestaan soos vandag nie. Die probleme rondom die geslagtelike kan nie as 'n geïsoleerde verskynsel gesien word nie, maar moet teen die agtergrond van die tendense van die moderne samelewing gesien word (vergelyk 3.7).

Die ouer se positiewe of negatiewe houding ten opsigte van geslagsopvoeding sal bepaal of hulle self pogings sal aanwend om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied. Daar is twee stereotipe standpunte met betrekking tot geslagsopvoeding:

* geslagsopvoeding is dringend noodsaaklik vir my kind; of

* geslagsopvoeding het 'n moreel afbrekende invloed op kinders (Ketterman, 1984:86; Van den Berg, 1990:15).

Laasgenoemde standpunt weerspieël 'n negatiewe houding wat baie skadelik vir die kind kan wees. Weerhouding van geslagskennis deur die ouer mag daartoe lei dat die kind verkeerde inligting op ander plekke kry. Die invloed van die media moet veral nie onderskat word nie.

Dis belangrik om te onthou dat onkunde nie 'n waarborg vir onskuld is nie (Cory, 1991).

Die volgende besware, gebaseer op verkeerde veronderstellings word dikwels deur ouers gehuldig:

- Kinders sal die kennis wat hulle deur geslagsopvoeding verkry verkeerd gebruik deur daarmee te eksperimenteer. Indien die inligting bloot fisiologies is, bestaan die gevaar dat die kind die inligting verkeerd sal gebruik. Indien dit egter binne die opvoedingskonteks geplaas word, word hierdie gevaar vermy. Skewe inligting of sogenaamde straatkennis wat die kind in elk geval bekom, hou groter gevaar in (Van den Berg, 1990:36).

- Die stelling dat daar reeds te veel inligting beskikbaar is, is gedeeltelik waar. Kommunikasiemedia is 'n belangrike faktor in hierdie verband. Daar word egter feitlik sonder uitsondering net gekonsentreer op die fisieke aspek van seksualiteit. Indien die kind op die massamedia aangewese is vir geslagsopvoeding, verkry hy slegs 'n eensydige beeld van seksualiteit. Wat egter nodig is, is ware, normgerigte kennis, geplaas teen die agtergrond van etiese en religieuse opvoedingsbeginsels (Cory, 1991; Kruger, 1980:6).

- Ouers huldig dikwels die standpunt dat hulle goed genoeg reggekom het sonder geslagsopvoeding daarom is dit nie nodig dat hul kinders dit kry nie. Vandag se omstandighede is egter heel anders as vroeër.

- Die kinders sal die kennis self bekom. Kinders kan selfkennis opdoen deur allerlei obskure bronne,

maar dan is daar nie sprake van werklike geslagsopvoeding nie (Cory, 1991; Kruger, 1980: 6-7; Van den Berg, 1990:38). Dit is duidelik dat die hedendaagse samelewing die ouers noop om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied, sodat hulle hul geslagtelikheid op 'n verantwoordelike Christelike wyse kan uitleef (Barnard, 1989:9).

### 4.4.5 Die problematiek van geslagsopvoeding

Geslagsopvoeding vertoon 'n besondere vertrouenskarakter met 'n sterk emosionele basis. Normgerigte geslagsopvoeding is dus onteenseglik die voorreg en verantwoordelik van die ouer. Dit is egter 'n kommerwekkende feit dat geslagsopvoeding deur menige ouers verwaarloos word (Kruger, 1980:9).

Verskeie navorsers spreek hul kommer uit oor die toenemende oueronbetrokkenheid. Dit blyk dat die ouer in toenemende mate die verantwoordelikheid van geslagsopvoeding ontduik. Navorsing wat hier te lande onderneem is, het getoon dat slegs 52,08% dogters en 24,32% seuns geslagsopvoeding van die ouer ontvang. Namate die kind ouer word, is daar 'n daling in die tendens. Verder is daar bevind dat geslagsinligting aan die dogter hoofsaaklik gerig is op menstruasie (Van Rooyen, 1989:205).

Die meeste ouers is deeglik bewus van hulle verantwoordelikheid as geslagsopvoeders. Hulle ondervind egter dikwels probleme en kom sodoende nie hul verpligtinge na nie (Barnard, 1989:3).

Sommige ouers voel dat hulle te onkundig is in die verband, terwyl ander skaamte ervaar weens die sensitiwiteit van die onderwerp. Onkundige ouers wil soms geslagsopvoeding binne een dag afhandel, terwyl ander weer bekommerd voel dat geslagsopvoeding

eksperimentering en promiskuïteit tot gevolg sal hê (Van den Berg, 1990:36).

Ouers skram ook dikwels weg om netelige sake soos aborsie, homoseksualiteit, menstruasie en masturbasie met hul kinders te bespreek. Indien dit uitgestel word tot die adolessente jare, sal kinders inligting op 'n ander manier verkry.

Stilswye oor geslagtelik oordraagbare siektes, dra onbewustelik daartoe by dat tienerjariges seksueel onverskillig optree en die gevaar loop om die siektes op te doen (Van den Berg, 1990:46).

Dit is 'n universele verskynsel dat alle ouers nie geslagsopvoeding as deel van hul opvoedingstaak sien nie. Dit stel by implikasie besondere eise aan die skool, wat die sekondêre opvoedingsinstansie is.

"Society looks to the school to produce future citizens who will be able to meet the challenge of a rapidly changing world - a world in which some of the values of yesterday may be quite out of place tomorrow or even today" (Van Rooyen, 1987:17).

## 4.5 DIE SKOOL SE OPVOEDINGSTAAK

Die skool is 'n unieke, sekondêre samelewingsverband wat deur die mens voortgebring is en in eie reg bestaan. Omdat die skool deur die ouer ingestel is, behoort die ouer deurgaans by die skool se aktiwiteite betrokke te wees. Onderwysers is professioneel opgeleide mense wat die onderwystaak by die ouer oorgeneem het (Van der Walt, 1990:82; Van der Walt en Dekker, 1982:27).

Opvoedende onderwys is by uitstek die taak van die skool. Die kind as totaliteitswese moet tot sy volle potensiaal ontsluit word. Wat geslagsopvoeding betref, is veral die etiese en logiese funksies van die skool belangrik vir die kind.

Dis belangrik om in gedagte te hou dat die skool nooit die oueropvoeding kan vervang nie en dus net 'n aanvullende funksie met betrekking tot opvoeding verrig. Die gees en rigting van die skool is 'n verlenging van die gees en rigting van die ouerhuis. Gesien in die lig van die Christenouer se doopbelofte, is dit dus vanselfsprekend dat die ouer mag toesig hou oor die normatiewe aard van die skool (Van der Walt en Dekker, 1982:85).

## 4.6 DIE SKOOL EN GESLAGSOPVOEDING

### 4.6.1 Die taak van die skool

Vanweë die toenemende eise van die samelewing word daar 'n groter verantwoordelikheid op die skool geplaas, veral wat die morele opvoeding van die kind betref. Volgens Van der Walt (1990:210) kan daar nie meer algemeen aanvaar word dat geslagsopvoeding die eksklusiewe taak van 'n bepaalde samelewingsverband is nie, maar moet daar eerder gepoog word om multidissiplinêre samewerking tussen al die betrokke partye te bewerkstellig.

Daar is reeds verskeie standpunte vír of téén geslagsopvoeding op skool gehuldig (Foreman en Sand, 1987:27). Die belangrike is egter dat dit by ouerlike opvoeding moet aansluit. "Sex education should never contradict sex education in the home. The theoretical priority must always be placed in the family, where sex education in the fullest sense of the term should come from and through the parents, by their example and their word" (Kruger, 1980:11).

Dit is noodsaaklik dat die skool tred sal hou met die tegnologiese verandering sonder om sy opvoedende funksie in te boet. Geslagsopvoeding het om verskeie redes 'n noodsaaklike opvoedingshandeling geword. Dit beteken egter nie dat die skool die ouer se taak kan oorneem of as plaasvervangende ouer wil optree nie (Van der Walt, 1990:82).

Die skool aanvaar die taak ten opsigte van geslagsopvoeding, omdat dit ten doel het om die kind tot volwaardige volwassene in totaliteit op te voed. Wat betref Christelik Nasionale Onderwys in Suid-Afrika, impliseer dit dat die kind ook opgevoed sal word tot geslagtelike verantwoordelikheid volgens die Christelike etiek.

Volgens Van den Berg (1990:49) word geslagsopvoeding al hoe meer die taak van die skool en wel om die volgende redes:

- ouers is onwillig of onbevoeg om die nodige geslagsopvoeding aan hul kinders te verskaf (vergelyk 4.4.5);

- skole beskik oor al die akkurate inligting wat nie altyd vir ouers beskikbaar is nie;

- opgeleide geslagsopvoeders beskik oor 'n wye verskeidenheid opvoedkundige hulpmiddels, soos films, kaarte, boeke en videobande. Die gebruik van poppe is veral doeltreffend by preprimêre kinders.

### 4.6.2 Die instelling van gesinsvoorligtingsprogramme

Die problematiek rondom geslagsopvoeding het aanleiding gegee tot die stigting van gesinsvoorligtingsprogramme. Geslagsopvoeding is 'n komponent hiervan en is onlosmaaklik daarmee verweef (Van Rooyen, 1987:16).

Hierdie programme word reeds sedert 1981 in alle blanke Onderwysdepartemente in Suid-Afrika geïmplementeer (Liebetrau, 1987:204).

Vir die doel van hierdie ondersoek sal daar egter slegs op die Transvaalse Gesinsvoorligtingsprogram gekonsentreer word.

In ooreenstemming met die TOD Beleidnommer 1503, van Oktober 1981, is gesinsvoorligting in beginsel aanvaar in Transvaalse blanke skole. 'n Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) is in elk van die ses onderwysstreke in Transvaal aangestel om geslagsopvoeding as sodanig te hanteer. Die taak van die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) is as volg:

- om as adviseur, koördineerder en kontroleur van die gesinsvoorligtingsprogram in haar betrokke streek op te tree;

- om alle tye beskikbaar te wees vir die begeleiding van en steungewing aan ouers en hul kinders;

- die organisering van oriënterings- en ander toepaslike kursusse;

- om behulpsaam te wees met die skryf van pamflette;

- om die intieme en sensitiewe komponente rakende geslagsopvoeding self aan te bied op uitnodiging van die skool;

- om alle media wat deur die TOD- Mediadienste voorsien word met die nodige diskresie en sensitiwiteit aan te bied;

- om ouergroepe toe te spreek op versoek;

- om persoonlike onderhoude met leerlinge te voer, waar gesins- of ontwikkelingsprobleme mag voorkom en waar nodig hierdie leerlinge te verwys na gespesialiseerde hulp (Weitz, 1988:8).

Gesinsvoorligting is gebaseer op beginsels wat ooreenstem met Christelik Nasionale Onderwys en is:

* normgerig;
* gebaseer op die Woord van God;
* vir beide ouer en kind tot hulp (Cory, 1991; Weitz, 1988:7).

### 4.6.3 Die doel van gesinsvoorligting

Gesinsvoorligting is in wese opvoeding, daarom sal daar altyd sprake van doelgerigte optrede wees. Die oorkoepelende opvoedingsdoel sal altyd opvoeding tot verantwoordelike volwassenheid wees. Deur gesinsvoorligting word die kind geleer om sedelik selfstandig en toerekeningsvatbaar te wees, om te alle tye verantwoordelik op te tree, besluite te kan neem en die verantwoordelikhede daarvoor te aanvaar (Cory, 1991; Kenney, 1987:731).

Volgens Van Rooyen (1987:46) kan die doel van gesinsvoorligting soos volg saamgevat word:

- om die kind met die nodige kennis toe te rus;

- om positiewe houdings en gesindhede te kweek;

- om sy gedrag altyd positief te rig en bevestig;

- om Christelike waardes en norme vas te lê;

- om die persoonlike en gesinslewe van die kind te verryk en te bevorder;

- om die kind weerbaar te maak teen die aanslae wat gerig is op die gees van die mens, gesien dat daar vandag so sterk gekonsentreer word op die bevordering van onsedelikheid;


- om die kind in staat te stel om sy eie menswaardigheid, asook die menswaardigheid van ander persone in verhoudinge te ken, te verstaan en te respekteer;

- om die kind in staat te stel om verantwoordelike besluite te neem ten opsigte van sy persoonlike lewe, te midde van 'n dinamiese samelewing, en wel aan die hand van 'n Bybelse waardesisteem, ten einde sy roeping tot eer van God en sy naaste te vervul.

### 4.6.4 Die struktuur en terrein van gesinsvoorligting

Gesinsvoorligting val hoofsaaklik uiteen in twee komponente, naamlik Ouer- en Leerlingbegeleiding en kan skematies soos volg voorgestel word (Van Rooyen, 1987:32):

(Figuur 2)




*** Ouerbegeleiding**

Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) tree slegs op uitnodiging van die skool op. Die behoefte aan 'n oueraand word dus geïdentifiseer, waarna 'n ouer-begeleidingsprogram deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) aangebied word. Die ouer-begeleidingsaand kan oor vier aande strek of kan in een enkeloueraand vervat word, afhangende van die behoefte (Cory, 1991).

Ouerbegeleiding impliseer voorligting en steungewing aan ouers ten einde gesonde opvoedingsverhoudinge daar te stel. Die ouer word verder begelei met die hantering van bepaalde probleme wat hulle met geslagsopvoeding in die besonder mag belewe (TED, 1990:13; Van Rooyen 1987:45).

*** Leerlingbegeleiding**

Leerlingbegeleiding word soos volg verdeel:

**Geslagsvoorligting**

Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) is alleenlik verantwoordelik vir die hantering van geslagsopvoeding van leerlinge (standerd 5 - 10) en slegs met die toestemming van hul ouers. Tydens die oueraand wat die leerlingbegeleiding voorafgaan, verkry die ouers meer insae oor die leerlingbegeleidingsprogram en weet hulle dus wat die inhoud van die program is en dra kennis van alle media wat tydens die program gebruik sal word. Dit bly die ouer se voorreg om toestemming tot hierdie program te weier, daarom is die leerling nie verplig om dit by te woon nie (Van den Berg, 1990:53).

**Verhoudingsvoorligting, persoons- en gesinsverryking**

Die opvoeding van die kind as persoon en verhoudingswese, ook binne die gesin, word deur die betrokke gesinsvoorligtingsonderwysers van elke skool self hanteer (Cory, 1991; TED, 1990:7; Van Rooyen, 1987:45).

**4.6.5 Die huidige status van gesinsvoorligting**

Die volgende personeel is verantwoordelik vir die implementering van die Gesinsvoorligtingsprogram:

*** Die skoolhoof**

Die hoof van die skool is oorhoofs verantwoordelik vir die doeltreffende en sinvolle implementering van die Gesinsvoorligtingsprogram (TED, 1990:1).

*** Departementshoof: Opvoedkundige Leiding**

Die beplanning, koördinering en organisering van die program vir die skool onder leiding van die hoof en in samewerking met die Adjunksuperintendente van Onderwys

(gesinsvoorligting) is die taak van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding (Van Rooyen, 1987:156).

*** Alle personeellede**

Dit is die taak van elke personeellid om leerlinge met probleme te identifiseer en sulke leerlinge na die Gesinsvoorligtingsonderwyser of na die Departementshoof Opvoedkundige Leiding te verwys. Elke onderwyser moet homself ook op hoogte bring van die beginsels en doelstellings van die Gesinsvoorligtingsprogram en dit deur sy voorlewing bevorder.

*** Die Adjunksuperintendente van Onderwys: Gesinsvoorligting**

Hierdie dame is oorhoofs verantwoordelik vir die implementering van die Gesinsvoorligtingsprogram in elke streek en bied self dele van die program aan soos gereël deur die skool. Sy word streng gekeur en beskik oor goeie opleiding om die program deeglik en op professionele wyse aan te bied. Verder beplan, organiseer en bied sy kursusse vir geselekteerde personeellede aan in samewerking met die Superintendent van Onderwys: Kring (Van den Berg, 1990:53; Van Rooyen, 1987:159).

*** Geselekteerde personeel**

Afgesien van die feit dat die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) as adviseur, koördineerder en kontroleur van die gesinsvoorligtingsprogram optree, word die ouer- en leerlingbegeleidingsprogram rakende geslagsopvoeding ook deur haar aangebied in elke betrokke streek. In die lig van hierdie grootse taak en die toenemende behoefte aan geslagsopvoeding is die opleiding van onderwysers in hierdie verband tans van krag en word

oriënteringskursusse aangebied vir geselekteerde onderwysers (Cory, 1991; Van Rooyen, 1987:157).

Personeel (verkieslik 'n man en 'n dame) word streng gekeur en geselekteer vir opleiding in Gesinsvoorligting en meer spesifiek die aanbieding van geslagsopvoeding. Hierdie personeel is nie noodwendig die Departementshoof Opvoedkundige Leiding nie (TED, 1990:2).
Die persoonseienskappe van hierdie personeel is van die uiterste belang en die volgende kenmerke sal oorweging geniet by die seleksie van 'n onderwyser:

- Verkieslik, maar nie noodwendig nie, 'n getroude persoon wat kinders van sy eie het.

- 'n Persoon met 'n gesonde lewens- en wêreldbeskouing.

- Ten minste vyf jaar onderwyservaring.

- Die vermoë om 'n vertrouensverhouding met die leerlinge te kan stig en handhaaf.

- 'n Positiewe houding en gesindheid ten opsigte van sy eie geslagtelikheid en geslagtelikheid in die algemeen.

- Agting vir die menswaardigheid van elke leerling en sy ouers is van deurslaggewende belang.

- Die vermoë om die regte klimaat vir sensitiewe besprekings te skep.

- Soepelheid en vaardigheid in die hantering van groepe leerlinge (seuns en dogters gesamentlik of afsonderlik).

- Die vermoë om ouers te begelei met betrekking tot geslagsopvoeding (Van Rooyen, 1987:158).

Die onderwyser moet dus 'n persoon wees na wie die kind met die grootste vrymoedigheid sal gaan. Volgens Herman (1985:169) is dit belangrik dat die onderwyser 'n empatiese houding sal openbaar, 'n persoon wat die kind (veral die seksueel-gemolesteerde) te alle tye kan vertrou. Kommunikasie is dus belangrik. Die onderwyser is daar om die kind te ondersteun, nie om die rol van die ouer oor te neem nie.

## 4.7 SAMEWERKING TUSSEN OUER EN SKOOL MET BETREKKING TOT GESLAGSOPVOEDING

Die verhouding tussen die ouer en onderwyser is tweërlei van aard. Terwyl die ouer seggenskap het oor die gees en rigting van die skool, het die onderwyser alleenseggenskap oor professionele aangeleenthede in die skool. Die ouer en onderwyser is dus vennote in die opvoedingshandeling en moet mekaar se terreine respekteer. Die onderwyser kan die ouer nooit ignoreer nie en omgekeerd (Van der Walt, 1983:28).

Volgens Postma (1987:203) het die ouer alle reg om op hoogte gehou te word oor skool- en onderwysbeleid. Die ouer kan nie aan die skool voorskryf nie, maar dit is noodsaaklik dat onderlinge samewerking tussen die ouer en skool gehandhaaf word, ook wat geslagsopvoeding betref.

Geslagsopvoeding kan nie sonder wedersydse respek en vertroue tussen die gesin en skool plaasvind nie. Openhartigheid, eerlikheid en belangstelling is noodsaaklik.

Die ouer het besoek- en informasiereg by die skool. Hierdie reg geld ook vir die skool.

Waar seksuele wanpraktyke soos kindermolestering voorkom, is dit vir die skool belangrik om te weet wat die huislike omstandighede van so 'n kind is (Van der Walt, 1990:210).

Swak samewerking tussen die ouer en skool bemoeilik die sukses van 'n gesinsvoorligtingsprogram en geslagsopvoeding in die besonder. Ouers distansieer hulle dikwels heeltemal van geslagsopvoeding en laat die taak aan die "kundiges" van die skool oor, sonder om enigsins betrokke te raak. Aan die ander kant kan hulle die skool se bevoegdheidsterrein oortree deur 'n bemoeisieke en beterweterige houding in te neem (Postma, 1987:210).

Die onderwyser ervaar ook dikwels probleme ten aansien van geslagsopvoeding wat skadelik kan wees vir die ouer-onderwyser-verhouding. Die toewysing van "sensitiewe" geslagtelike onderwerpe aan die Adjunksuperintendente van Onderwys, bring onsekerheid oor die onderwyser se bevoegdhede mee. Die feit dat onderwysers nog nie voldoende opgelei is om geslagsopvoeding te hanteer nie, skep probleme vir die ouer (Van der Walt, 1990:212).

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat ouers en onderwysers te alle tye as vennote saam behoort te werk in belang van die kind. Betrokkenheid en 'n gees van wedersydse vertroue is van kardinale belang, sodoende word elkeen se opvoedingsterrein eerbiedig.

## 4.8 GESLAGSOPVOEDING EN SEKSUELE MOLESTERING

Geslagsopvoeding kan nooit volledig wees indien die kind nie volledig ingelig word oor sekere seksuele wanpraktyke soos molestering nie.

Die ouer en onderwyser kan 'n belangrike rol speel in die voorkoming van seksuele molestering. Tydens ouerbegeleidingsaande wat deur die skool aangebied word, word daar dan ook veral klem gelê op die voorkoming van seksuele molestering, wat 'n belangrike komponent van geslagsopvoeding is.

Seksuele selfbeveiliging is deel van geslagsopvoeding en bestaan uit die volgende komponente:

* **Basiese kennis** waaroor die kind moet beskik. Die ouer behoort die kind reeds van kleins af bewus te maak van sy eie geslagtelikheid en die reg op privaatheid. Dis belangrik dat die kind sal weet dat hy/sy sekere persoonlike regte het, ook wat betref liggaamlike regte.

* **Veiligheidsmaatreëls** wat die kind moet nakom moet deur die ouer vasgelê word en kan verder deur die skool versterk word. Die kind moet weet watter gevaarlike situasies vermy moet word en hoe om dit te vermy.

* **Weerbaarheid** teen seksuele molestering is van uiterste belang. Wanneer 'n kind self in 'n krisissituasie beland wat op seksuele molestering kan afstuur, is dit belangrik dat hulle sal weet hoe om op te tree (Van Schalkwyk, 1990:53).

Selfbeveiliging bly by uitstek die taak van die ouer. Die skool lewer egter 'n belangrike bydrae in hierdie verband en beskik oor uitstekende videomateriaal wat 'n fenomenale bydrae lewer tot die selfbeveiliging van die kind. Die video "Feeling yes, feeling no", wat by Opvoedkundige Mediadienste beskikbaar is, is uitstekend in die verband.

Die skrywer het ervaar dat selfbeveiligingsmaatreëls ten einde seksuele molestering te voorkom oor die algemeen sterk beklemtoon word deur verskeie bronne.

Die hantering van die seksueel-gemolesteerde kind is egter net so belangrik en word dikwels agterweë gelaat. Onkundige optrede teenoor die slagoffer kan blywende skade berokken. Met die korrekte optrede kan die ouer en onderwyser egter 'n waardevolle bydrae lewer tot die herskepping van die kind se selfbeeld. Vervolgens sal die rol van die ouer en onderwyser in hierdie verband kortliks toegelig word.

### 4.8.1 Die hantering van die seksueel-gemolesteerde kind

#### 4.8.1.1 Hantering deur die ouer

Die ouers se reaksie met betrekking tot hul seksueel-gemolesteerde kind het 'n diepgaande en blywende uitwerking op die kind. Ouers is dikwels geneig om te oorreageer wanneer hul kind gemolesteer is en dit ontketen verdere skuldgevoelens by die kind. Vervolgens 'n paar algemene riglyne in die hantering van die situasie soos uiteengesit deur verskeie navorsers (Gerber, 1986:78; Kroll, 1990:18; Raff, 1988:23; Robertson, 1990:70; Schulze en Van Rooyen, 1989:78; Van Schalkwyk, 1990:39):

*** Die korrekte optrede**

- Alhoewel die ouer uiters geskok sal wees, wat heeltemal te verstane is, is dit belangrik om kalm te bly en alle gevoelens onder beheer te kry.

- Glo u kind. Kinders vertel slegs in uiters seldsame gevalle leuens oor molestering.

- Laat u kind toe om sy eie weergawe te gee en vra daarna vrae ten einde meer duidelikheid te verkry.

- Verseker u kind dat hy reg opgetree het deur u in sy vertroue te neem.

- Verseker u kind dat wat gebeur het nie sy skuld is nie, maar dat die oortreder verkeerd opgetree het.

- Gee aan u kind die versekering van u bystand en beskerming. Die kind hoef nie bang te wees vir die dreigemente van die molesteerder nie.

- Vou u kind toe met liefde. Aanraking en vertroosting is nodig.

- Verseker u kind dat u nie kwaad vir hom is nie en dat hy nie gestraf gaan word nie, maar dat die oortreder aangekla moet word.

- Verduidelik aan u kind dat professionele hulp nou verder nodig is en dat hierdie mense sy vriende is.

*** Die verkeerde optrede**

- Moenie u kind wantrou en vertel dat die betrokke oortreder nooit tot seksuele molestering in staat sou wees nie. Hierdie optrede is veral van toepassing in die geval van bloedskande, waar die ouer (gewoonlik die vader) deur die moeder beskerm wil word.

- Moenie die skuld op u kind pak sodat hy skuldig voel oor die gebeure nie; dit kan sy skuldgevoel wat hy ervaar net vererger.

- Vermy verwyte, soos byvoorbeeld dat u die kind vooraf gewaarsku het teen vreemdelinge.

- Moenie die kind bestraf vir verkeerde optrede nie; dit is allermins die tyd vir sedepreke of bestraffing.

- Moenie die gebeure verswyg nadat die kind dit aan u bekend gemaak het nie.

  Seksuele molestering is 'n traumatiese ervaring wat beter verwerk word as dit uitgepraat word. Stilswye kan meer skade aan die kind se emosionele ontwikkeling doen as om daaroor te praat.

### 4.8.1.2 Hantering deur die skool

Die beste manier waarop die onderwyser vir die gemolesteerde kind tot hulp kan wees, is om deur simpatieke hantering van die kwessie aan te dui dat hy omgee, dat die kind hom kan vertrou en dat hy graag wil help. Indien die kind nie die ouer in sy vertroue kan neem nie (veral in die geval van bloedskande) is dit belangrik dat hy weet dat hy te enige tyd na die onderwyser kan gaan. Verskeie navorsers (Blomerus, 1989:21; Distad, 1987:745; Herman, 1985:170; Robertson, 1990:63; Schulze en Van Rooyen, 1989:79), stem saam oor die volgende optrede:

- Die onderwyser moet kalm bly en daarteen waak om geskok voor te kom.

- Gee onmiddellik aandag aan die saak ten einde die kind se vertroue te behou, anders is die kans dalk vir altyd daarmee heen. Wees beskikbaar en voorsien aan die kind die geleentheid om te praat en sy emosies te lug.

- Behou te alle tye oogkontak met die kind, wys dat u bekommerd is en laat die kind op sy gemak voel.

- Moenie die kind toegooi onder vrae nie, maar laat die kind u lei deur sy mededelings. Die onderwyser moenie ongemaklik voel oor stiltes nie.

Die kind wil nie geforseer voel nie en het dus genoeg tyd nodig om sy hart uit te praat.

- Verseker die kind dat u hom glo en dat hy steeds aanvaar word in die klas.

- Gee aan die kind die versekering dat hy nie skuldig hoef te voel nie en dat u bly is dat hy u vertel het.

- Vermy onuitvoerbare beloftes soos "ek sal vir niemand sê nie". Verseker egter die kind dat hy die beste hulp moontlik sal ontvang en te alle tye beskerm sal word.

- Oorreed die kind om professionele hulp buite die skool te aanvaar. Die Opvoedkundige Hulpdiens doen waardevolle werk in hierdie verband.

- Help die kind om sy selfvertroue te herwin en bou voortdurend aan sy selfbeeld. Die onderwyser kan 'n groot rol speel in die kind se herstel deur sy selfrespek en sy vertroue in mense weer op te bou.

- Na afloop van die eerste gesprek moet 'n volledige verslag geskryf word met die volgende besonderhede:

* die tye en datums van seksuele misbruik;
* die plek waar die molestering plaasgevind het;
* die chronologiese volgorde van gebeure (dui aan of penetrasie plaasgevind het);
* verskaf die name en adresse van die betrokke persone.

Hierdie verslag is vir die Polisie van groot waarde.

- Die saak moet streng vertroulik hanteer word en slegs aan die Skoolhoof en die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding gerapporteer word.

Die onderwyser moet die kind se privaatheid respekteer en nie met ander personeellede bespreek nie.

- Die Skoolhoof moet onmiddellik skakel met die Hoof van die Onderwyshulpsentrum wat dan die saak verder sal voer.

- Nadat die saak gerapporteer is, bly die onderwyser steeds medeverantwoordelik vir morele steungewing aan die kind.

- Die onderwyser moenie huiwer om die saak te rapporteer nie. Ander instansies soos die Suid-Afrikaanse Polisie en Maatskaplike Dienste is ook behulpsame opvoedingsvennote wat die seksueel-gemolesteerde kind met groot kundigheid kan hanteer.

- Indien die kind terapeutiese behandeling ontvang, moet die onderwyser met hierdie mense saamwerk en op hoogte bly van die kind se vordering. Die kind moet steeds die onderwyser as sy anker beskou.

## 4.9 SINTESE

Ouers mag nie hulle verantwoordelikheid aangaande geslagsopvoeding totaal aan die skool oorlaat nie. Die invloed van die ouerhuis bly deurslaggewend, rigtingbepalend en grondleggend.

Die opvoedingstaak van die ouer is egter vandag veel veeleisender as twintig of dertig jaar gelede en daarom stel dit ook nuwe eise aan die skool. Die skool kan nie eietydse probleme soos tienerswangerskappe, seksueel-oordraagbare siektes en seksuele molestering oornag oplos nie, maar kan deur pro-aktiewe optrede 'n belangrike voorkomende funksie in die verband verrig.

Deur wedersydse vertroue en samewerking kan die ouerhuis en skool saam die taak van geslagsopvoeding suksesvol verrig, tot voordeel van die kind. Dit is dus belangrik dat beide ouer en kind betrek sal word deur die skool.

Die vraelys as empiriese navorsingsmetode sal in hoofstuk 5 toegelig word. Die konstruksie van die vraelys sal ook uiteengesit word.